

14.2 RAPPORT 2 – DEPUTATE BYBEL – BYBELVERTALING (Art 99)

14.2 REPORT 2 – DEPUTIES BIBLE – BIBLE TRANSLATION (Art 99)

- A. Br H Dekker stel die Rapport.
Br H Dekker tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. RAPPORT / REPORT

<p>1. Opdrag Acta 2015:111.</p> <p>1.1 Benoeming van persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap.</p> <p>1.2 Verleen samewerking in alle sake wat verband hou met die Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel.</p> <p>1.3 Die opdrag van die Sinode 2000 word gekontinueer oor die Godname JHWH en Adonai in die Ou Testament en moet deurlopende aandag geniet.</p> <p>Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.</p> <p>2. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>2.1 <i>Oor aanwys van afgevaardigdes na Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans (KABA)</i></p> <p>2.1.1 Die GKSA is geregtig om drie afgevaardigdes na die Advieskomitee te stuur. Die Deputate Bybel wys die afgevaardigdes aan. Die volgende is aangewys vir die volgende termyn: Dr AJ Krüger (sameroeper), proff CP van der Walt, H Goede, AJ Coetsee (sek).</p> <p>2.1.2 Tans is die Bybel: ‘n Direkte vertaling die enigste Afrikaanse projek wat hanteer word deur hierdie Advieskomitee van die BSA. Die Rapport oor die vordering daaraan word geïnkorporeer by die Deputate aangewys vir hierdie projek (Deputate vir Evaluering Direkte Afrikaanse Vertaling).</p> <p>2.1.2.1 Van die professore, emeritus-professore en predikante van die GKSA is steeds in ‘n meerdere en mindere mate by die projek betrokke.</p> <p>2.2 <i>Oor ramings vir die BDV</i></p> <p>2.2.1 Kennis is gekry van die stand van die</p>	<p>1. Mandate Acta 2015:111.</p> <p>1.1 Nominate individuals for the Advice Committee on Bible Translation at the Bible Society.</p> <p>1.2 Offer assistance with all matters related to the Verdere Afrikaanse Vertaling of the Bible.</p> <p>1.3 Continue with the instruction of Synod 2000, about the names of God of JHWH and Adonai in the Old Testament, throughout.</p> <p>Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.</p> <p>2. Matters that the Synod take note of</p> <p>2.1 <i>Appointment of delegates to Advice Committee: The Bible in Afrikaans (KABA)</i></p> <p>2.1.1 The GKSA is permitted to send three delegates to the Advice Committee. The Deputies: Bible appoint the delegates. The following have been appointed for the next term: Dr AJ Krüger (convener), proff CP van der Walt, H Goede and AJ Coetsee (sec).</p> <p>2.1.2 The Bybel: ‘n Direkte vertaling (Bible: A direct translation) is the only Afrikaans project of the Advice Committee of the BSA. Feedback on progress in this regard is incorporated into the Report of the Deputies appointed for this project (Deputies: Evaluation of Direct Afrikaans Translation).</p> <p>2.1.2.1 Some of the professors, emeritus-professors and ministers of the GKSA are still involved in the project to a greater or lesser extent.</p> <p>2.2 <i>“Ramings” for the BDV</i></p> <p>2.2.1 We learned of the status of the fund for</p>
--	---

<p>fonds vir BDV (ongeveer R463 000.00 in Mei 2017). Dit word befonds deur 'n jaarlikse raming van R2.50/belydende lidmaat. Die bedoeling daarmee was dat <i>locums</i> gebruik kon word by die TSP as van die professore tyd gegee moes word om te werk aan die BDV. Daar was nie veel uitbetalings gedoen uit hierdie fonds nie, en daar word ook nie meer baie eise teen die fonds in die vooruitsig gestel nie.</p> <p>2.2.2 Die Deputate het na oorleg met die Administratiewe Buro aanbeveel dat die raming gestaak word, aangesien die fonds goed befonds is en daar nie noemenswaardige verdere uitbetalings in die vooruitsig geplaas word nie.</p> <p>2.3 <i>Godsname</i> Hierdie opdrag kry aandag via die Deputate BDV.</p> <p>Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.</p> <p>3. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>3.1 <i>Oor aanwys van afgevaardigdes na Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans (KABA)</i></p> <p>3.1.1 Die Deputate versoek dat die Sinode sy hartlike dank uitspreek teenoor afgevaardigdes wat vir lang tye verteenwoordigers was op die Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans. Hulle is: Proff HJN van Deventer, JJJ van Rensburg, HF van Rooy en PP Krüger.</p> <p>3.1.2 Die Sinode kondoneer die aanwys van afgevaardigdes soos hierbo by 2.1.1.</p> <p>3.1.3 Die Sinode kontinueer die opdrag aan die Deputate: Bybel om voortdurend toe te sien dat daar afgevaardigdes aangewys word en opgeroep word om KABA by te woon.</p> <p>3.2 <i>Oor fonds vir die BDV</i></p> <p>3.2.1 Die staking van die raming vir hierdie fonds word deur die Sinode goedgekeur.</p> <p>3.2.2 Die Sinode kontinueer die opdrag dat die bestaande fondse gebruik kan word soos bedoel.</p> <p>3.2.3 Moontlike oorskotte sal oor besluit word ná die voltooiing van die projek (BDV).</p> <p>3.2.4 Die Sinode besluit wie aanbevelings</p>	<p>the BDV (approximately R463 000.00 in May 2017). It is funded by an annual "ramings" of R2.50/confirmed member. The intention was for <i>locums</i> to stand in at the TSP for professors who required time off from regular duties for work on the BDV. Very little of the funds were paid out and great demands on the fund in future is not foreseen.</p> <p>2.2.2 The Deputies recommended, upon consultation with the Administrative Bureau, the discontinuation of the "ramings" given the healthy balance of the fund and that no significant expenditures are foreseen.</p> <p>2.3 <i>Names of God</i> This instruction is being addressed by the Deputies: BDV.</p> <p>Decision: Points 2.1 to 2.3 noted.</p> <p>3. Matters that the Synod decide on</p> <p>3.1 <i>Appointment of delegates to the Advice Committee: The Bible in Afrikaans (KABA)</i></p> <p>3.1.1 The Deputies request the Synod to express its sincere thanks to the delegates who were long-term representatives on the Advice Committee for the Bible in Afrikaans. They are: Profs HJN van Deventer, JJJ van Rensburg, HF van Rooy and PP Krüger.</p> <p>3.1.2 The Synod is to approve the appointment of the above (2.1.1) delegates.</p> <p>3.1.3 The Synod is to continue the instruction of the Deputies: Bible to always ensure that delegates are appointed and called to attend KABA.</p> <p>3.2 <i>Fund for the BDV</i></p> <p>3.2.1 The termination of the "ramings" for this fund is to be approved by the Synod.</p> <p>3.2.2 The Synod is to continue the instruction that the existing funds may be applied as intended.</p> <p>3.2.3 A decision on possible surplus funds will be made upon completion of the project (BDV).</p> <p>3.2.4 The Synod is to decide who should</p>
--	---

<p>moet doen oor die oorskot fondse wat moontlik in hierdie rekening kan bly ná die voltooiing van die BDV (Deputate Bybel, Deputate BDV, Bestuur van die Administratiewe Buro of ander?).</p> <p>3.3 <i>Voortsetting van opdrag</i></p> <p>3.3.1 Die opdrag aan die Deputate word met die bogenoemde opdrag gekontinueer.</p> <p>Besluit: Punte 3.1 tot 3.3.1 goedgekeur.</p>	<p>offer recommendations on the surplus funds that may remain in this account upon completion of the BDV (Deputies: Bible, Deputies: BDV, Management of the Administrative Bureau or other?).</p> <p>3.3 <i>Continuation of instruction</i></p> <p>3.3.1 The instruction to the Deputies in regard to the above is to continue.</p> <p>Decision: Points 3.1 to 3.3.1 approved.</p>
---	---